Ges. 36 : 1, 4
" 32 : 1, 3.
" 60 : 3, 4

Sonder Kennis – Stemme!

Hosea 4 : 1–10.

Potch. K. 11.3.56.
Skets.

OT ✓

Hosea 4 : 1 – Want die Here het 'n regsaak m. d. inwoners v.d. land omdat daar geen Kennis v. God in die land is nie.

Ontstellende stemme wat u/d opgaan oor d. aanskouende omvang v. jeugmisdaad in ons land. Elf dae gelede nog 'n berig in een v. ons dagblaaie:
– Min. Swart – Kaapstad.
– Patmore

Vr.: ① Is jeug van v/d dan soveel slegter as jeug van 25–30 jr. gelede?
② Indien wel, w/om? Indien nie – waar dan d. fout?

Antw: Dadelik sê: Wat ookal d. oorsaak – jeug van v/d. niks beter nr. ook niks slegter as jeug van gister. Fout gesoek word by geslag u/ uit ons jeug gebore is! Jeug is d. produk van sy tyd – sy sondes is d. weerspieëling v.d. sondes van die vadere! Wat d. jeug v/d i/d openbaar doen is nr. net d. eindproduk van wat hulle ouers gister i/d verborge gedoen het.

Nr. d. antwd lê dieper: Wd. v God ons 'n baie duid. leidraad en oplossing –

Hosea : profeet voor d. val en wegvoering na Babel. Baat hier v. toestande wat baie treffend ooreenstaan met toestande in ons eie land (vs. 2–3) Heil d/na kyk onder volg. hoofde:

I Die Gebrek aan Kennis w/na Hosea Verwys

✓ 1. Kennis v.d. Lew. God:

2. Kennis van Sy Wd:

3. Kennis v.d. weg v. verlossing:

4. Kennis v.d. weg v. heiligmaking:

5. Kennis v.d. roeping v.d. gelowiges:

- Grondoorsaak v. alle verwildering.

II Die gevolge v. hd. gemis:

1. Die mens. word verloor sy krag: „Hulle sweer en lieg" - Talleyrand -

2. Mens. lewe verloor sy waarde: „Hulle moor en breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak"
   - Oorlog
   - Mense skiet
   - Padongelukke

3. Mensl. verhoudinge verloor hulle betekenis: „Hulle pleeg owerspel"
   - Huwelik: man en vrou
   - Huis: ouer en kind
   - Gemeenskap: werkgewer en werknemer

4. Mensl. gesag gaan verlore:
   - Gehoorsame kinders
   - Tug kerk
   - Eerbied vir die staat

Vs. 4: „Laat net niemand met ons twis of ons bestraf nie!"

- Waar geen eerbied vir God word
- „ „ gesag „ „
- Waar God nie gevrees word word geen mens ontsien!

5. Natuur verloor sy vrugbaarheid: Vs. 3

III

IV

~~Ges 36:1, 4.~~
Jes. 32:1, 3.

" 60: 3, 4.

Die ~~daad~~ gebrek v.d. Kennis:

~~Kennis:~~

1. Kennis v.d. lew. God.

2. " van Sy Wet.

3. " v.d. weg v. verlossing

4. " " ~~tot~~ heiligmaking

5. " " ~~Vreesgodt v. diens.~~ roeping v.d. gelowige.

~~Gevolge van d.~~ Die gevolge v. hd. gemis:

1. ~~Verwaarlosing~~ ~~Onderhoudt~~ v.d. D. mensl. wil. verloor sy krag: swak en leeg.

2. Mensl. lewe verloor sy waarde moor ~~en steel.~~ & breek in sodat - - -

3. Mensl. verhoudinge verloor hulle betekenis: steeds pleeg owerspel
   - huwelik
   - ouers & kinders.
   - Kerk & gemeent. lede

4. Mensl. gesag gaan verlore: waar geen eenheid in God - - - gesag " .
   = ~~kerg~~ gehele kinders
   = tug kerk
   - eenheid met die staat.

Vs. 4 — Slotwoord

## Hoe herstel?

1. Prediking v. volle raad v God toegepas in ons tyd
   - Terugkeer na d. een beslss. vr: Wat sê Gods Wd?
     (Hosea 4: 4)
   - Gevolg deur tug:
2. Ouerlike plig in godsd. opvoeding kinders tuis
   - huisgodsdiens
   - bespreking probleme in lig Gods Wd
   - pers. vb. (~~Sondagkoerante, ens.~~).

~~3.~~:

3. Deeglike Kateg. onderrig:
   -

   - afvoge
4. Getroue Bybelstudie:
   - Ouderlinge
   - Gemeentelede
   - Biduur in kerk w/aande

   Tyd
5. Kragtiger aksie teen lees Xt. boek:

   - Sondagkoerante
6. Baie meer gebed:
   - Tuis
   - Wyke
   -
7. Skakeling gelowiges:

# DONKER BEELD VAN JEUGMISDAAD

## *Gesamentlike Optrede Beklemtoon*

**„Tensy die ouer, die kerk en die onderwysowerhede tot gesamentlike en energieke optrede oorgaan om die probleem van jeugmisdadigheid aan te pak en op te los, wil ek voorspel dat Suid-Afrika binne geen lange tydsbestek nie sal ontwaak tot die bittere besef dat sy eie jeug wat die leiers van die toekoms moet wees, die houthakkers en waterdraers van vreemdelinge in hulle eie land geword het."**

Hierdie ernstige waarskuwing is teenoor Die Transvaler uitgespreek deur mnr. C. J. H. Patmore, L.P.R., voorsitter van die Gesinslewe-organisasie en voorsitter van die Welsyns- en Gesondheidskomitee van die Johannesburgse stadsraad.

„Hoe kan dit anders." het mnr. Patmore gesê, „wanneer 'n mens bedink dat daar verlede jaar nie minder as 2,000 kinders aan die Rand alleen stokkies gedraai het nie van wie die meeste in kafee-bioskope en om spykertafels saamgedrom het waar hulle heel dikwels in aanraking kom met ander jeugdiges wat hierdie plekke besoek, nie vir onskuldige vermaak nie, maar om ‚klandisie' te soek vir die daggasmokkelaar en die seksaanbidders."

### *„Dagga-inspuiting"*

Dis bv. bekend dat sekere gewetenlose smokkelaars in die stad sigarette „inspuit" met 'n dagga-deurweekte oplossing en dit deur agente aan jeugdiges verkoop wat nie eers bewus daarvan is dat hulle die smaak van dagga op hierdie kunsmatige wyse aangeleer word nie.

**As sulke rokers hulle maar kom kry, soek hulle na dagga om 'n drang te bevredig wat hulle op 'n vir hulle onverklaarbare wyse aangegryp het.**

'n Ander euwel waarop mnr. Patmore gewys het, is die tipe smokkelaar wat sekere sigarette met heroïen „dokter" wat dan deur volwassenes tot vir £1 stuk gekoop en aan dogters gegee word om te rook met die enkele doel om die dogters seksueel sodanig te prikkel dat hulle maklik mans ten prooi val.

Jeugbendes het sowat agt jaar gelede hulle verskyning in die Unie se stede gemaak en sedertdien onrusbarend in getalle aangegroei. „Om egter te dink dat hierdie bendes net die produk van mindergegoede gebiede of voorstede is, is totaal verkeerd", sê mnr Patmore. „Jeugbendes verskyn oral waar die faktore gunstig vir hulle ontstaan en ontwikkeling is".

Die allervernaamste van hierdie faktore is, volgens mnr. Patmore, gebrek aan ouerlike beheer oor en dissipline van die kind wat grootliks te wyte is aan ekonomiese omstandighede wat albei ouers verplig om bedags te werk en dus uithuisig te wees.

„Dit het egter ook 'n skuifmeultjie geword vir talle ouers wat wel tuis kan bly maar dit nie altyd doen nie en dus hulle kinders aan hulself oorlaat", sê hy.

'n Ander faktor is gebrek aan fasiliteite waar opbouende vryetydsbesteding onder behoorlik opgeleide persone beoefen kan



De
rley,
die
myl
ower.
mi-
was
slis.
uret
kei-

56

# 350 NA

# JEUGM

## *Gesament*

## *Bekl*

**„Tensy die ouer, die k gesamentlike en energieke van jeugmisdadigheid aan t dat Suid-Afrika binne geen tot die bittere besef dat sy koms moet wees, die hout delinge in hulle eie land g**

Hierdie ernstige waarskuw is teenoor Die Transvaler uit spreek deur mnr. C. J. H. P more, L.P.R., voorsitter van Gesinslewe-organisasie en vo sitter van die Welsyns- en G sondheidskomitee van die Joh nesburgse stadsraad.

„Hoe kan dit anders,"

word, gebrek aan vrywillige persone wat wel die tyd het maar nie die belangstelling nie, skoolklasse wat te groot is en wat meebring dat die swakkere kind nie die nodige persoonlike aandag van die onderwyser kan geniet nie en aan homself oorgelaat word met die gevolg dat hy later 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel, uitsak in die skool en dan ongesonde vermaaklikheidsplekke opsoek.

### *Toets Verlang*

In verband met laasgenoemde verlang mnr. Patmore dat dit verpligtend gemaak moet word dat alle kinders, voordat hulle na die hoërskool gaan, 'n beroepsvoorligtingstoets moet ondergaan sodat ouer en kind dan saam met die betrokke deskundiges die beste toekomsmoontlikhede van die kind kan bespreek.

**„En indien hy aan enige organiese gebrek ly, kan daar ook onmiddellik aandag aan geskenk word," het hy daarby gevoeg.**

„Die skool van die toekoms moet sodanig beplan en gebou word dat hy by die kind die ou idee van 'n ‚strafhok' sal vervang met die idee van 'n ontspanningsoord (nie net 'n sportterrein nie!) waar kinders karakteropbouing deur middel van gesonde vryetydsbesteding kan leer," is mnr. Patmore se mening.

Ten besluite het hy gesê: „Die moderne sielkundige leerstelling dat 'n kind nie lyfstraf moet ontvang nie, beskou ek as onsin, in elk geval in soverre dit kinders betref, aan wie geen self

# Jeugmisdaad in Baie Ernstige Lig Beskou, Sê Min. Swart

(Van Ons Politieke Beriggewer)

VOLKSRAAD. — Die vraagstuk van jeugmisdaad in Suid-Afrika word in 'n baie ernstige lig beskou, het die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, in 'n onderhoud gesê.

Dit geniet reeds vir geruime tyd die aandag van die Regering. Op die oomblik is 'n departementele komitee bestaande uit verteenwoordigers van die Departement van Justisie, Gevangeniswese, Volkswelsyn en die Polisie, met 'n ondersoek na die vraagstuk besig.

In Oktober woon verteenwoordigers van Suid-Afrika ook 'n konferensie oor jeugmisdaad in Uganda by. Veral sal 'n studie gemaak word oor die aanhouding en behandeling van jeugmisdadigers.

Verdere wetgewing is nie nodig, nie, meen adv. Swart. (Sien ook berig op bladsy 3.)

Tvler- 1. 3. 56.

Transvaler 12/3/56.

# 'n Onstabiele Gesinlewe Skep Misdaad

Van die getal kinders wat jaarliks na gesertifiseerde en nie-gesertifiseerde inrigtings verwys word, is 60 persent daar omrede van huislike omstandighede, anders as finansiële behoeftes en van hierdie 60 persent is byna 37 persent daar omrede van ongeskiktheid van ouers of voogde. Hierdie mededeling word vervat in die jongste jaarverslag van die S.A. Nas. Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe.

„Dit ly geen twyfel," gaan die verslag voort, „dat jeugmisdaad ten nouste saamhang met die onstabiliteit in die gesinslewe nie.

Die basiese probleem bly die feit dat die ouerhuis nie die vormende faktor is wat dit behoort te wees nie en in gebreke bly om in die kind se behoeftes te voorsien. Dit is dan ook die bevinding in Amerika dat geen hulpbron die plek van die ouerhuis kan inneem nie. Dit is veelbetekenend dat 72 persent van die jeugdige oortreders wat voor die Johannesburgse Kinderhof verskyn het (1952-53) uit 'n ongunstig huislike omgewing kom."

Die spore van 'n ongesonde gesinslewe is ook duidelik sigbaar, volgens die verslag, in werkkolonies waar bewys is dat armoede maar 'n sekondêre rol speel aangesien 61 persent van hierdie mense uit die goed betalende arbeidsgroepe kom (professies, boerdery, mynwese, ambagte, klerklike of handelsgroepe).